Hoërskool McLachlan

Posbus 3
Joubertina
6410

☎ 042-273-1335
🖷 042-273-1210
info@hsmclachlan.co.za
www.hsmclachlan.co.za

NUUSBRIEF 23/01 2020

Geagte Ouers/Voogde

1. **Bedankings:**
   - Baie dankie aan al die ouers wat as beampte opgetree het tydens die kleuresport. Dit word opreg waardeer. Ons het ook groot waardering vir die werk van die OOV.

2. **Weeklikse nuusbrief via e-pos:**
   Ten einde ons geleentheid te gee om al die data te verwerk, sal die elektroniese uitsending van nuusbriewe vanaf 31 Januarie plaasvind. Tot dan sal u kind dit nog per hand ontvang.

3. **Ekstra Wiskundeklas:**
   Ekstra Wiskundeklasse sal vanaf volgende week op Woensdae direk na skool tot 15:00 plaasvind.

Graad 6 & 7	Mnr. Terblanche	
Graad 8 & 9	Me. Hatton-Jones	
Graad 10 tot 12	**Mnr. Schlechter**	**(Klasse neem Woensdag, 5 Feb, `n aanvang)**

4. **Indivduele skoolfoto`s:**
   Die indivduele skoolfoto`s word op Dinsdag, 11 Februarie 2020, by die skool geneem. `n Foto-pakket kos R80. Die pakket sluit 1x A5-, 1 x jumbo-, en 3 x maxi-foto`s in. Elke jongste/enigste leerder sal op Woensdag, 29 Januarie 2020, `n bestelvorm ontvang. Vul asseblief die bestelvorm **korrek** in en kram die korrekte kontantbedrag aan die bestelvorm vas. Slegs leerders wat vooruit bestel en betaal, sal afgeneem word. Die bestelling moet by u kind se registeronderwyser ingegee word voor of op Vrydag, 7 Februarie 2020.

5. **Finansies:**
   Busgeld vir kwartaal 1 is betaalbaar voor of op 31 Januarie 2020. Indien busgeld nie ten volle betaal is nie, sal leerder ongelukkig nie van die diens gebruik kan maak nie.

   Kopieerkoste van R470 per leerder betaalbaar teen 31 Januarie 2020. Die kopieerkoste is vir fotostate gedurende 2020. Indien ‘n leerder s’n nie betaal is nie, kan hy/sy nie fotostate ontvang nie.

   Die vorms vir verminderde skoolfonds sal teen 31 Januarie 2020 beskikbaar wees. Dit is ouers se eie verantwoordelikheid om vorms aan te vra, in te vul en terug te besorg aan die skool voor Vrydag, 7 Februarie.

   Ouers wat skoolfonds per aftrekorder betaal, moet asseblief verseker dat die bedrag vir 2020 aangepas word. Aftrekorders moet vanaf Januarie tot Desember loop.

   Huiswerkboeke is nie meer by die skool te koop nie.

INTERNET GENERATION
igen
internet generation
Wireless Internet
www.igen.co.za

6. **Klerebank:**
Tye vir klerebank is as volg: Dinsdae: 08:00 - 09:00 **[Geen verkope Di. 28/01/20]**
Woesdae: 13:00 - 14:00

GEEN verkope sal gedurende ander dae en tye plaasvind nie.

7. **ATKV-redenaars:**
Temas vir 2020-redenaars. Leerders moet redeneerbare onderwerpe uit die volgende temas aflei:

Gr. 1-3:
kaalvoet
wonder
fees

Gr. 8-9:
lees
instinktief
seine

Gr. 4-5:
letters
voetspore
voel

Gr. 10-12:
murg
alternatief
erodeer

Gr.6-7:
toekoms
liefhê
afranding

Vir meer inligting raadpleeg die ATKV-webwerf: https://atkv.org.za/neemdeel/skoleprojekte/redenaars.

8. **Oppie-Tong-af-redenaars:**
Belangstellende leerders kan vir 'n lys van onderwerpe by mev. M.J. Strydom kom vra.
Sluitingsdatum: 7 Augustus 2020
Deelname: 19-21 Augustus by Hoërskool Pearson in P.E.

Oppie-Tong-af-redenaars, spanredenaars en beoordelaarskursusse vind op 1 Februarie 2020 te Hoërskool Pearson plaas. Kostes beloop as volg; volwassenes R300 en beoordelaars R400. Kontak mev M.J Strydom

9. **Sportnuus**:
- **Kleuresport:**
Baie geluk aan die atlete wat `n rekord tydens die jaarlikse Kleuresport opgestel het.

S 0/13	200mH	Pieter Strydom	42,53
D 0/14	300mH	Elri van Jaarsveld	1:02:91
D 0/14	Hamergooi	Denique Ferreira	19,23m
D 0/14	90mH	Sue-Nique Saulse	22:24
D 0/14	1500m	Kara Roberts	6:19,60
D 0/15	300mH	Faith Solomons	69,74
D 0/15	90mH	Faith Solomons	18,33

- **Atletiek: Langkloofsone (laerskool): Vrydag, 24 Januarie:**
Slegs laerskoolatlete neem deel. Ander laerskoolleerders en alle hoërskoolleerders kan by die huis bly. Slegs laerskoolatlete wat 'n eerste of tweede plek by die kleuresport behaal het, neem aan hierdie byeenkoms deel. Langafstandatlete kwalifiseer met 'n eerste, tweede of derde plek. Deelnemende atlete het vandag hul briewe ontvang. Die busse vertrek normale tye. Die atletiekprogram begin stiptelik om 07:30. Alle atlete is self verantwoordelik om 'n

INTERNET GENERATION
igen internet generation
Wireless Internet
www.igen.co.za

halfuur voor hul deelname by hul items aan te meld en moet ook betyds wees vir die aflosse. Daar sal ‘n snoepie beskikbaar wees.

- **Atletiek: HS Koukamma-atletiekbyeenkoms: Saterdag, 25 Januarie 2020 te HS Paul Sauer**
  Slegs atlete wat ‘n eerste of tweede plek by die kleuresport behaal het, neem aan hierdie byeenkoms deel. Langafstandatlete kwalifiseer met ‘n eerste, tweede of derde plek. Deelnemende atlete het gister hul briewe ontvang en sal vandag hul programme ontvang. Stuur asseblief die afskeurstrokie vir kontrole terug skool toe.
  Die atletiekprogram begin stiptelik om 07:00. Alle atlete is self verantwoordelik om ‘n halfuur voor hul deelname by hul items aan te meld en moet ook betyds wees vir die aflosse. Atlete moet asb. nie gedurende die dag die veld verlaat nie. Daar sal ‘n snoepie beskikbaar wees.

  Bustye:

Misgund	05:00
Louterwater	05:10
Krakeel	05:20
Skool	05:30
Ravinia	05:40

- **Atletiek: LS-Koukammasone - 28 Januarie 2019 te HS Paul Sauer**
  Op Dinsdag, 28 Januarie 2020, vind die Koukamma-laerskoolbyeenkoms by Hoërskool Paul Sauer plaas. Slegs laerskoolatlete wat ‘n eerste of tweede plek by die Langkloofsone behaal het, neem aan hierdie byeenkoms deel. Langafstandatlete kwalifiseer met ‘n eerste, tweede of derde plek.

  Bustye:

Misgund	05:00
Louterwater	05:10
Krakeel	05:20
Skool	05:30
Ravinia	05:40

S. PIENAAR
Waarnemende Skoolhoof: Hoërskool McLachlan
Posbus 3, Joubertina, 6410
Oos-Kaap, Suid Afrika
Tel: +27 (0) 42 273 1335
Fax: +27 (0) 42 273 1210

Hoërskool McLachlan

INTERNET GENERATION
igen internet generation
Wireless Internet
www.igen.co.za
McLachlan Internet Fasiliteit